## 27 November Haggai 2:20-23

### *My bouwerk? Nee, God se bouwerk wat Hy finaal voltooi*

Op die 8ste Desember in die jaar 520 voor Christus praat die Here nog 'n laaste keer met die volk deur die profeet Haggai. En hierdie boodskap het die bedoeling om die volk 'n toekomsperspektief te gee waarmee God hulle wou bemoedig. En let op hoe God die volk wys op alles wat Hy gaan doen. Die voltooiing van my bouwerk berus alleen op dit wat God doen. Dit is Hy wat die bouwerke van Satan uiteindelik finaal omver sal gooi. Dit is Hy wat my soos 'n kosbare seëlring aan sy vinger sal dra. Hy sal my deur hierdie lewe veilig beskerm en my by Hom dra soos iemand 'n kosbare seëlring elke dag dra. Wat 'n troos om te weet dat ek ook vandag só deur God gedra word. En hoekom doen Hy dit? Omdat Hy my uitgekies het. Omdat Hy my eerste liefgehad en in Christus my sy eiendom gemaak het. Wat 'n wonderlike perspektief is dit nie op die bouwerk wat ek vandag verrig nie! Ek doen dit soos 'n oorwinnaar want ek weet dat God my die oorwinning sal gee. Ek hoef niks of niemand te vrees nie want God sal my bouwerk finaal voltooi. Hy sal my met die Wederkoms laat deel in die oorwinning en die heerlikheid van die volmaakte tempel. Hierdie kykie in die toekoms gee my krag en hoop vir hierdie dag.

Sing: Psalm 73:10 Ds. P. Venter (Rustenburg-Wes)